

Ds. A. W. C. Bester  
Warmbad  
20 Oktober 1968

Onderwerp: Geloof: die rigtingwyser na die  
beloofde land

Lees: Hebreërs 11 verse 1 tot 14

Teks: Hebreërs 11 verse 13 en 14

Sing: Psalm 84 verse 1 en 6  
Gesang 53 vers 1

“Broers en Susters, die brief aan die Hebreërs is geadresseer aan mense wat die koers op die lewensweg verloor het. Dit is geskryf aan diegene wat die lewenssee bevaar soos skepe sonder kompas en wat as gevolg daarvan nie die veilige hawe bereik nie.

“Die doel van die brief aan die Hebreërs is om aan sy lesers die kompas te toon, die enigste rigtingwyser terug na God toe. Die skrywer doen dit aan die hand van die voorbeeld van geloofshelde wat hulle lewensgerig het volgens die beloftes van God, selfs al het hulle nie hierdie beloftes in hierdie lewe ontvang nie. (Heb 11:13) Die beloftes van God was vir hulle nie skimme op ’n verre horison nie, maar werklikhede omdat God vir hulle deur die geloof ’n werklikheid was. En só is hulle deur die teenwoordigheid van God getrek en gelei deur ’n land waarin hulle vreemdelinge en bywoners was.

“’n Uitnemende voorbeeld hiervan was Abraham. Hy moes hom losmaak van sy stamverband en alles wat vir hom dierbaar was agterlaat: sy vadershuis, sy kultuurgoedere - dinge wat Abraham as beskaafde mens sekerlik waardeer het. Abraham het geweet wat hy het, maar nie wat hy sou ontvang nie. Die toekoms was vir hom bedek en elke tree was ’n waagstuk in die onbekende in. En tog was Abraham gehoorsaam aan God. Hy het vir geen oomblik gehuiwer of getalm toe God gespreek en beveel het nie, want Abraham het geglo. Deur die geloof het hy sy God geken en besit; en deur die geloof was God ’n werklikheid in sy lewe. Hy het onbevrees en met vaste tred die toekoms aangedurf, omdat sy lewe geanker was aan die ewige en onveranderlike God. Die Woord van God stel dit so eenvoudig: ‘Toe het Abram [dit was voordat God sy

naam na Abraham verander het] weggetrek soos die HERE hom gesê het'. (Gen 12:4) Die HERE het gespreek.

“Broers en Susters, wanneer God beveel, is dit vir die gelowige die einde van alle teëspraak. Dan moet die mens handel, al sou dit die offer van sy eie lewe beteken. Want wat is geloof anders as om te gehoorsaam, gehoorsaam ongeag wat dit jou ook mag kos.

“Wanneer 'n mens na die beskrywing van Abraham se uittog kyk, is dit nie die weg waarop hy gegaan het, of die dier waarop hy gery het, wat sy rigting bepaal het nie, maar sy oë wat op God gerig was. Hy was soos een wat die onsienlike sien. Hy het God gesien en dit was sy eindbestemming. God is die Rigtinggewer. Op Hom was sy oë gevestig. God was sy Leidsman en die Voleinder van sy geloof.

“Dit is asof Abraham vanmôre vir ons wil sê: medereisiger, ek sien iets in die verte. Sien jy dit ook? Ek hoor 'n stem wat roep. Hoor jy dit ook?

“Broers en Susters, hoe naby is hierdie stem! Die Heilige Gees van God weerklink Sondag na Sondag in die huis van God en ook in die binnekamer. Dit is 'n Woord vol van God se beloftes. Dit is 'n Woord wat ons toeroep: staan op, laat ons hiervandaan verder gaan. Die groot trek moet begin. Ons moet voortbeweeg na Sion, na God en die plekke wat hy vir ons hierna berei het. Hier mag niemand uitstel nie. Hier mag niemand hom teësit nie. Ons het hier geen blywende tuiste nie. Nee, hier moet ons wees soos vreemdelinge en bywoners. Ons enigste tuiste is by God, ons wat na sy beeld en gelykenis geskape is en daarom God se eiendom is. Ons moet terug na die Vaderhuis. Wie hierdie woord hoor, moet onrustig word soos 'n swaweltjie wanneer die trekseisoen nader.

“Liewe Broers en Susters, is dit waar in ons lewens? Is ons gehoorsaam aan God se stem? Só gehoorsaam dat ons niks anders bemerk as God voor ons en by ons nie?

“Die geloof verruim ons lewensblik. Niks sien só vêr as juis die geloof nie. Die geloof open wye horisonne en heerlike perspektiewe. Teenoor die ongeloof, roep die geloof triomferend uit: ek sien, ek sien wat jy nie kan sien nie: ‘... hulle het dit uit die verte gesien ...’ (Heb 11:13)

“Wat anders sien die gelowige daar as die werklikheid van God se beloftes. Abraham het die dag van Jesus Christus in die geloof gesien en hom daarin verheug. Jesus Christus sê: ‘Abraham, julle vader, het

hom verheug dat hy my dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly.’ (Joh 8:56) Die Woord van God bied meer waarborge as dié van mense. Dit kom van God, daarom laat die gelowige hom nie deur bysake, of deur allerlei gunstige of ongunstige lewensomstandighede van koers bring nie. Die geloofshelde in Hebreërs 11 roep ons toe: kom reisgenote hef die hoof omhoog. Berge en seë mag ons nie van koers af bring nie. Al sien ons so weinig van die vervulling van die beloftes, moet ons steeds koers hou en verder voorttrek teen die steiltes van die lewe in, op weg na die beter Vaderland. Wie Jesus Christus in die geloof volg, laat hom nie deur omstandighede, deur voorspoed of teëspoed, van koers dryf nie.

“Broers en Susters, as jou lewenshorison beperk is en die dinge van hierdie wêreld by jou die swaarste weeg, dan verloor jy koers. Toe Petrus afgekyk het na die siedende golwe en sy oë sodoende van Jesus Christus afgewend het, het hy gesink. Wie alleen die sieklikeid van die liggaam sien, sal moed verloor. Wie net die juk op sy skouers sien, sal krag verloor en uitsak langs die pad. Nee, Broers en Susters, die wêreld rondom ons is verganklik en al die sweet en moeite hier is van korte duur. ‘Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en ’n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.’ (2 Petrus 3:13)

“Die hoop op God versag alle leed en smart. In so ’n toekomsverwagting is ons een met die aartsvaders. Ons sien in die verte die dag van Jesus Christus se wederkoms. Ons verwag die heerlike Goddelike dag van ontmoeting en saamwees met ons Heiland. Dit bepaal ons lewensrigting. Die ewigheid self is nodig om alles te skenk wat God ons belof het. Daarom kan ons nooit van die wêreld wees nie. Daarom kan daar geen kompromie met die wêreld wees nie. Daarom moet ons, ons afsonder vir Jesus Christus. Ons is in die wêreld, maar nooit van die wêreld nie.

“Broers en Susters, hoe tragies is dit dat daar nog vele mense is wat God se Woord nie betroubaar ag nie. Hulle verwag niks buite hierdie lewe nie. Hulle soek geen Vaderland nie. Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees. As die swaarpunt van jou lewe hier op aarde lê, dan vertrou jy, al is alles ook hoé mooi, op ’n verganklikeid wat alles eenmaal sal vergaan. Nee, Broers en Susters, ons moet pelgrims wees op pad na die Hemel. Geen doellose swerwers nie, maar mense met die oog gevestig op ’n ewige bestemming.

“Broers en Susters, ons leer van die aarsvaders: hulle ‘het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was.’ (Heb 11:13) Hulle het wel in Kanaän gewoon, maar was nie van Kanaän nie. Hulle het slegs ’n wyle in Kanaän vertoef. Hulle huis was elders en dit het hulle voor die mense getuig. Elkeen kon in hulle lewens sien waarheen hulle oppad was. Dit was by hulle nie ’n vrome wens wat weerspreek is deur ’n sondige lewenswandel nie. Nee, Broers en Susters, hulle lewensrigting was duidelik kenbaar uit die getuienis van hul lewens.

“Die koninkryk van God is nie net ’n koninkryk van die hart nie. Nee, dit omspan die hele lewe en die hele wêreld van die gelowige. Daar moet nie net inwendige Godsvrug wees nie, maar ook ’n uitwendige getuienis. By die aartsvaders het God met sy beloftes en bevele midde in hulle lewens gestaan.

“‘Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus.’ (Fil 3:20) Is dit waar van ons lewens? Is ons burgerskap in die Hemel? Is dit waar dat ons lewensrigting hemelwaarts wys, omdat ons lewe ingerig is volgens God se Woord?

“Daar is vele wat nie wil en kan vergeet dat hulle hier geen vaste woonplek het nie. Hulle bely dat hulle op pad is na die Hemel, maar hulle lewens getuig die teendeel. As dit so is, Broers en Susters, dan het die sout smakeloos geword. Dit is mense wat twee Here probeer dien. Mense wat hulle eie weg volg en nie God se wil nie.

“Is dit dan ’n wonder dat God ons soms moet dwing om sommige dinge te laat vaar. Hy moes Abraham se lewe besnoei en Jakob kreupel maak. Só is die beproewing en smart die beitelhoue om die steen van ons lewe te vorm om in te pas in God se muur. Dit is die jammerdal en smart van ons lewe wat ons suiwer en gereed maak vir God se koninkryk. Dit is hier waar die gelowige voel dat hy ’n vreemdeling op aarde is.

“Daarom: ‘Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.’ (Matt 6:33) Hierdie soeke moet in ons lewens gesien kan word. Ons moet hier rigtingwysers wees na die Hemel.

“Al is die aardse vaderland ook hoé goed, hier heers tog net die dood. Laat ons, ons oë rig op God waar ons vir ewig sal lewe. Daar is die vreemdelingskap vergete en is ons in die Vaderland.

“Amen.”